

GELOOFSOFFERS 2021

Wat is Geloofsoffers?

Vrywillige bydraes vir 'n spesifieke projek

Bo en behalwe jou gewone dankoffer

WAT DOEN ONS MET DIE GELOOFSOFFERS

Sewe projekte is aangewese op geloofsoffers

Die werk in ZITHULELE

Die werk in SOBAMBISANA

OPLEIDING van kerkleiers

RUYTERWACHT SENIOR SENTRUM

MAITLAND GEMEENSKAPSKERK

SORGFONDS

ANDER (ongespesifiseer)

Hoe kan jy ook deel word van hierdie werk?

- ♦ Verbind jouself vir die jaar
- ♦ Ontvang elke semester inligting oor die projek wat jy ondersteun
- ♦ Word deel van die stroom wat lewe gee

GELOFSOFFERS

Geloofsoffers is die geleentheid waar gemeentelede 'n keuse kan uitoefen om by 'n projek van die gemeente betrokke te raak. Jou geloofsoffer vervang nie jou normale dankoffer nie, dit is 'n bykomende offer wat jy maak. Jy sal 2x per jaar 'n briefie ontvang om jou te vertel waarvoor die fondse aangewend is en om voorbidding te vra vir jou projek.

Jy kan by die volgende projekte betrokke raak :

Zithulele- gemeente in die Oos-Kaap

- ◆ Ons gemeente dra by tot die salaris van die predikant.
- ◆ Jaarlikse uitreik na Zithulele waar bouwerk gedoen word, winterskool by skool aangebied word, hulp gegee word by hospitaal en program met kinders en vroue aangebied word.

Sobambisana gemeenskapsontwikkeling in Crossroads

- ◆ Ons gemeente het 'n projekspan wat Sobambisana op Maandae besoek.
- ◆ Hulp word gegee by die spesiale sorgseenheid aan gestremde kinders, educare en sentrum vir senior burgers en hulp word gegee met ander spesiale projekte.

Opleiding

- ◆ Die fondse vir opleiding word aangewend om dit vir behoeftige studente moontlik te maak om Teologiese studies te onderneem. Beurse word toegestaan vir primêre teologiese opleiding, verkieslik by die Teologiese Fakulteit Stellenbosch.

Ruyterwacht Senior Sentrum

- ◆ Ons gemeente het vrywilligers wat op die beheerraad van die sentrum dien.
- ◆ Fondse word aangewend om etes te voorsien aan baie behoeftige bejaardes.
- ◆ Fondse word ook gebruik om kerskospakkies aan te koop.
- ◆ Help met die finansiering van spesiale projekte volgens sentrum se behoeftes.

Maitland Gemeenskapskerk

- ◆ Ons gemeente is deel van die vennootskap wat die bediening by Maitland-gemeente ondersteun.
- ◆ Ons predikante neem gereeld preekbeurte daar waar. Van ons gemeentelede besoek gereeld van die Maitland gemeentelede. Fondse word aangewend ter ondersteuning van nuwe inisiatiewe wat ontstaan om die gemeente se bediening aan die omliggende gemeenskap te ondersteun.

Sorgfonds

- ◆ Sorgfonds is die aksie waardeur persone gehelp word wat in finansiële nood verkeer.
- ◆ Die maatskaplike werker doen 'n ondersoek en maak 'n aanbeveling oor hulp. Hulp is gewoonlik tydelik totdat die situasie verbeter het.
- ◆ Die gemeente dra onder andere maandeliks by tot die versorging van 'n kwadruplegiese lidmaat.

Ander

- ◆ Indien jy nie 'n keuse wil maak tussen bg opsies nie, kan jy jou offer skenk aan "ander". Die bediening na buite, sal die fondse aanwend by 'n geloofsofferprojek waar dit benodig word.

Baie dankie dat jy die gemeente in staat stel om diens te kan lewer.

MY GELOOFSOFFERBELOFTE VIR 2021

Met hierdie bydrae wil ek graag saamwerk om ons gemeente se visie,

ons bou brûe soos Jesus, uit te dra

Daarom verbind ek my, om in volle afhanklikheid van die Here, by my belofte te hou

Voorletters en Van Noemnaam

Posadres

.....

Selfoonnommer

Epos

Ek beloof om maandeliks R by te dra

Ek beloof om eenmalig in (maand) R..... by te dra

Kontant by kantoor

EFT

Debietorder

Merk die keuse vir wie u bydrae sal gaan

ZITHULELE

SOBAMBISANA

OPLEIDING

RUYTERWACHT

MAITLAND

SORGFONDS

ANDER

**DIE KERKKANTOOR IS VOORTDUREND BESIG OM HUL REKORDS OP TE DATEER
DUS, INDIEN JY REEDS 'N BYDRAE MAAK TOT DIE GELOOFSOFFERS,
VUL ASB WEER DIE VORM IN**



BANKBESONDERHEDE

FNB Willowbridge


N.G. GEMEENTE KENRIDGE

Bankrek: 6262 2466 458

Takkode: 250655

Verwysing: U van / doel

www.ngkenridge.co.za



**Die geloofsoffer-vorm is ook beskikbaar op die kerk se webtuiste,
www.ngkenridge.co.za**

**Die ingevulde vorm kan by die kerkkantoor ingegee word
of
ge-epos word na ontvangs@ngkenridge.co.za
of
in die kollektiebussies gegooi word
of
in die kerk se posbus gegooi word.**

Baie dankie